BESOEK AAN DES BOSCH & FANIE VAN RENSBURG - 16 APRIL 2016

Ons besoek Des Bosch se “museum” wat in ‘n pragtige gebou naby die Tempe Lughawe gehuisves word. Van belang vir ons ander mense, is die Borgwards in dié versameling, ‘n netjiese Borgward Pullman 6 silinder vierdeur, ‘n Sedan en twee Coupe’s. Daar was ook ‘n 220S Ponton, ‘n Fintail, asook verskeie nuwer min gebruikte Mercedes Benz motors, meestal Coupe’s. Ons is getrakteer op eetgoedjies en drankies.

Borgward Issabella TS Coupé

Borgward Pullman 6 silinder vierdeur

Hierna is ons na Fanie van Rensburg se versameling, waar die vooroorlogse Fords ‘n sierraad is, asook ‘n formidabele versameling sportmotors. Almal in puik lopende toestand. Nuut op die vloer is ‘n 1933 Ford Model Y en ‘n ongeveer 1957/8 Lloyd Alexander, wat deur Borgward vervaardig is en deur oorlede Ivan Wolmarans gerestoureer is. Gesprekke rondom die Lloyd het gelei tot die artikel elders in die nuusbrief, dat Con Joubert so ‘n motor gewen het in ‘n kompetisie.

1933 Ford Model Y

1912 Ford Model T en 1934 Ford V8 Roadster

MG TD

1958 Lloyd Alexander

-Hennie van der Walt-